KRUISKERK.CO.ZA
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Markus 16: 1-8
**Tema :** Verbystering en dinge bokant ons begrip

## BROODJIES VIR DIE PAD

"When we learn to read the story of Jesus and see it as the story of the love of God, doing for us what we could not do for ourselves--that insight produces, again and again, a sense of astonished gratitude which is very near the heart of authentic Christian experience."
— N.T. Wright

"[God says] Discipleship is not limited to what you can comprehend - it must transcend all comprehension. Plunge into the deep waters beyond your own comprehension, and I will help you to comprehend even as I do. Bewilderment is the true comprehension. Not to know where you are going is the true knowledge. My comprehension transcends yours."
— Dietrich Bonhoeffer, The Cost of Discipleship

"The world is not comprehensible, but it is embraceable: through the embracing of one of its beings."
— Martin Buber

"True philosophy must start from the most immediate and comprehensive fact of consciousness: 'I am life that wants to live, in the midst of life that wants to live"
— Albert Schweitzer

"We rise again in the grass. In the flowers. In songs."
— Anthony Doerr, All the Light We Cannot See

"The purpose of the poetry is not to dazzle us with an astonishing thought, but to make one moment of existence unforgettable and worthy of unbearable nostalgia."
— Milan Kundera, Immortality

"The truth is always an abyss. One must — as in a swimming pool — dare to dive from the quivering springboard of trivial everyday experience and sink into the depths, in order to later rise again — laughing and fighting for breath — to the now doubly illuminated surface of things."
— Franz Kafka

"A writer, or any man, must believe that whatever happens to him is an instrument; everything has been given for an end. This is even stronger in the case of the artist. Everything that happens, including humiliations, embarrassments, misfortunes, all has been given like clay, like material for one's art. One must accept it. For this reason I speak in a poem of the ancient food of heroes: humiliation, unhappiness, discord. Those things are given to us to transform, so that we may make from the miserable circumstances of our lives things that are eternal, or aspire to be so."
— Jorge Luis Borges, Selected Non-Fictions

"The early morning belongs to the Church of the risen Christ. At the break of light it remembers the morning on which death and sin lay prostrate in defeat and new life and salvation were given to mankind"
— Dietrich Bonhoeffer, Life Together: The Classic Exploration of Christian Community

"Art is not what you see, but what you make others see."
— Edgar Degas

"As we acquire knowledge, things do not become more comprehensible, but more mysterious."
— Albert Schweitzer

*Herfsdag*

*Heer, dis tyd. Die somer, groots, is verby.*
*Lê neer u skadu's op die sonnewysers*
*en laat die winde oor die vlaktes vry.*

*Sê al wat vrug is aan om te volgroei;*
*gun hulle twee soel dae om by te baat,*
*dryf hulle tot voleinding voort en laat*
*die laaste soet die wyn se swaar in vloei.*

*Wie nou geen huis het nie, bly een ontbeer.*
*Wie nou alleen is, gaan nog lank so bly,*
*gaan waak, gaan lees, langasembriewe skryf*
*en die strate in en heen en weer*
*bly dwaal deur wind en blare, voortgedryf.*
*( Rainer Maria Rilke verwerk deur Bernard Odendal)*

**Anton van Niekerk: Die groot risiko van (on)geloof**
**Ís dit rasioneel om in God te glo?**

(Met "God" bedoel ek die Een van die Christelike tradisie.)

Wat beteken "rasioneel" hier? Doodgewoon dat oortuigings, belydenisse en gedrag die toets van toereikende redes slaag. Kan ons dus genoegsame redes of gronde aanvoer waarom mense in God behoort te glo?

Een van die interessantste, maar ook mees omstrede, argumente ter steun van die rasionaliteit van geloof staan bekend as "Pascal se waagstuk" (of weddenskap). Blaise Pascal (1623-'62) was 'n Franse wiskundige, wetenskaplike, teoloog en filosoof – 'n "Renaissance-mens" as daar ooit een was.

Die kern van sy beroemde argument oor hoekom ons Christelik-godsdienstige geloof – met name geloof in God – ernstig moet opneem, is die volgende: Gestel daar is geen God nie, maar ons glo nogtans in Een. Ons is dan wel verkeerd, maar niemand doen skade op as gevolg van daardie verkeerde oortuigings nie. Die lewe eindig bloot in die kerkhof, en dis die einde van die saak.

Gestel egter ons glo in God, en dit blyk uiteindelik ons is reg; God bestaan. Wel, ons kom weer uitstekend daarvan af, want wat ons nog altyd geglo het, was (en is) korrek. Almal wen weer.

Daar is egter ook 'n derde moontlikheid. Dit is dat God (met al sy voor- en nadele) bestaan, maar ons het dit deurentyd ontken. Dan – met name as die bewerings oor die verdoemenis waar is – het die ateïste groot moeilikheid, veral as dit boonop blyk dat "die hel vir ewig brand"!

Rasionaliteit verg daarom van ons om in God te glo, argumenteer Pascal. Is ons verkeerd en God bestaan nie, verloor ons niks. Kies ons egter dat God bestaan, en dit blyk dit was die regte keuse, wen ons ook – en hierdie keer nie slegs 'n Lotto-prysie nie, maar die grootste voordeel/utiliteit wat moontlik is – die "hemel"; die "nuwe aarde".

Kortom: Ons hoor gedurig dat godsdiens-kritici aanvoer dat dit irrasioneel is om God te omarm. Volgens Pascal is die direk teenoorgestelde egter eerder waar.

Ons is nie irrasioneel wanneer ons in God glo nie; ons is eerder irrasioneel juis wanneer ons nié in Hom glo nie. Om in God te glo is 'n weddenskap, die risiko waarvan ons nie kan verloor nie, behalwe vir een voorwaarde: Ons moet God omarm! Doen ons dit, kan ons die weddenskap nie verloor nie: Doen ons dit nie, loop ons 'n irrasionele, totaal onnodige risiko.
Pascal se weddenskap het, soos verwag kan word, aanleiding gegee tot lang en soms verwikkelde debatte in die godsdiensfilosofiese tradisie. Allerlei besware is teen die argument ingebring.

Een teenargument is die vraag: Is om in God te glo iets wat 'n mens sommer net kan aan- en afskakel? Hoe word 'n mens "gelowig"? Pascal laat dit klink asof dit baie maklik is. Maar talle (die meeste?) godsdienstiges word gelowig, nie slegs om die "helse vuur" te vermy nie, maar omdat iets groters as hulself van hulle besit neem.

Pascal skryf van 'n gelowige se "hart" as die kern van ons menslikheid wat volgens sy eie reëls werk: "Die Hart het sy redes waarvan die Rede nie weet nie."

Die teoloog Karl Barth wou niks daarvan weet dat ons God kan kies eerder as andersom nie. (Hy is bekend om die 13 volumes van sy Kirchliche Dogmatik.) Hy wou hom nouliks uitlaat oor die "ewige lewe". Tog bespiegel Barth, in ligter trant, oor sy eie moontlike ontvangs, eendag, aan die regterstoel. "Sal ek daar opdaag met my Dogmatik op my rug? Die engele sal my uitlag! Al wat ek sal kan sê, is: 'Heer, wees my, sondaar, genadig.' "
*• Van Niekerk is 'n emeritus professor in filosofie aan die Universiteit Stellenbosch en 'n ontvanger van die Stalsprys vir filosofie. Die mening van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

---

## BROOD VIR DIE PAD

**Wilhelm Jordaan: Wetenskap kan dinge verklaar, mites anker ons**

Ek hoor die man in gesprek met vaste oortuiging konstateer: "Die waarde van wetenskap is tog dat dit mites en ander gewilde leuens en onkunde oor die mens en die wêreld aan die kaak stel. Wetenskap ontmitologiseer ons."

Nou ja toe! Mites is leuens, liegstories! En ek wonder toe wat die skrywer Etienne Leroux daarvan sou sê. Want hy had geskryf: "Die mens kan eerder sterf van honger, maar sonder sy mite(s) kan hy nie klaarkom nie . . . en alle belang in die lewe verloor."

Juis in protes teen die kenniswaan van sommige "rasionele" wetenskappers en die klem op kil, kliniese

feite in die Digitale Eeu moet ’n mens mites herwaardeer. Die teoloog Karen Armstrong toon hoe mensverarmend dit is wanneer wetenskap as enigste bron van geldige kennis en waarheid beskou en mites geminag word.

Mites is verbeeldingryke vertellinge (stories) wat die mens help om sin te maak van tergende lewensdinge. Byvoorbeeld: Kan die enkeling, die sonderlinge mens, in ’n woeste wêreld oorleef?

’n Herhalende mitiese waarheid daaroor is vervat in Miguel de Cervantes (1547-1616) se Don Quixote. Deur sy don en die agterryer Sancho Panza het Cervantes aan ons ’n ensiklopedie van wysheid bemaak oor die stryd van die alleenstaande enkeling wat protesteer teen onreg en valsheid. En die enkeling is daarvoor as ’n frats en mislukking beskou; gemeet aan wesenlik valse maatstawwe vir prestasie, waarde en belangrikheid.

Dié mite herhaal homself in ander gedaantes, maar die grondboodskap geld steeds. Soos ’n mens dit gekry het in Chris Pelser se roman Don de Ridder – die enkeling en verwarde bibliotekaris wat met sy gehawende Harley-Davidson en swart agterryer, Zebulon, deur die mensonterende apartheidslandskap reis en dit ontmasker.

Nog só ook ’n herhaling is in Graham Greene se roman Monsignor Quixote, die verhaal van vader Quixote, ’n Katolieke priester in ’n klein Spaanse dorp. Sorgsaam en opreg werk hy met sy gemeente, maar volgens sy toesighoudende biskop misluk hy klaaglik en het hy geen begrip van kerklike dogma nie. Hy staan alleen teen die mag van die kerk. Dit laat hom twyfel oor sy geloof en priesterskap. Om homself te vind, loop hy, ironies, al op die spoor van sy (fiktiewe) “voorsaat”! En bely sy geloof: “Twyfel oorval my. Ek is van niks seker nie; nie eens die bestaan van God nie. Maar twyfel is mos nie verraad nie. Twyfel is menslik. O, ek wil so graag glo dat alles waar is – en daardie wens is die enigste sekerheid wat ek het.”

Só gesien is die mens se mitiese vermoë en belewenis ’n vaste punt in ’n skommelende see van stukkies en brokkies kennis en eindelose digitale prikkels. Sonder mites is ons vlugtig soos die wind, sonder raakpunt in ’n kantelende wêreld.

*• Jordaan is ’n ontvanger van die Stalsprys vir sielkunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die mening van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*